# de Weeder


## Reünieblad



1969 – 1989

# INHOUDSOPGAWE

| | |
|---|---|
| Voorwoord | p.2 |
| De Wet 21 | p.5 |
| De Wet 89 | p.27 |
| Gange | p.29 |
| Sport | p.34 |
| Presteerders | p.40 |
| Kultuur | p.42 |
| Geestelik | p.44 |
| Algemeen | p.45 |
| Redaksie | p.51 |
| Huisfoto | p.52 |



# VOORWOORD

1969-1989 REÜNIE



# Pa Tienie van Schoor

**VERVUL JOU ROEPING**

By die heuglike feesgeleentheid waar Huis Christiaan de Wet sy mondigwording vier is daar onwillekeurig die drang om enersyds na die verlede terug te kyk, en andersyds na die toekoms voorentoe te kyk.

Daar is die nostalgiese verlange na die goeie ou dae - die dae toe jy in die jonkheid van jou jare met oorgawe in 'n student se onverantwoordelike-verantwoordelikheid (of is dit omgekeerd?) kon opgaar; die jare toe Huis Christiaan de Wet vir die beste deel van 'n jaar in jou lewe jou ware tuiste was; toe jy en jou kammie 'n vriendskap gesluit het wat geen jare daarna kon uitwis nie.

Hoe vol en ryk is die herinneringe aan die verblyf in die rooi baksteengebou met sy eerstedag-kennismaking, sy nagmerrieagtige ontgroening, sy toekenning van volle en waardige De Wetter-burgerskap, sy nimmereindigende tot-dou-voor-dag lang huisvergaderings (hoe mal kan 'n mens nie wees nie?), sy moord-en-doodslag wedstryde tussen Noord en Suid, sy gangmoleste en wedywering wat alle reëls van (laat staan maar watter soort) skend, binneplaaskrieket, eettafel en gesellie-gesprekke, en skreeusnaakse televisie-kykers-kommentare. En by dit alles sy soms beskaafde, soms ontaarde sêrre.

Ja, dit was jare toe 'n mens net eenmaal weergaloos of kere sonder tal verlief kon raak; en jou hart by die ma van alle ma's, Ma Barker, kon uithuil as die vermeende nooi van jou hart jou afgesê het.

Dit was ook jare toe die De Wet-bom 'n oorwinning oor die gewraakte Reitz-manne aangekondig het die vreugdevure hoog aangesteek is. As ja, en toe breekskades ook nog jou laaste rand en sentjies opslurp omdat die vieringe effens handuit geruk het. Die gedagtes gaan ook terug na vervloë rampartye, maar laat 'n mens maar liewer die gordyn daaroor sak, want vir sommige was dit pynlik, ander smartelik en sommige skandelik .....

Toe ek een-en-twintig jaar gelede die voorreg gehad het om julle Huis se naam voor te stel, min sou ek kon weet dat ek ses jaar later eers kurator van jul De Wetter-versameling en daarna die pa-skap van julle Huis sou aanvaar. Toesighoudende dosent was my amptelike benaming, maar julle weet dat dit dit nooit in die gees was nie — wel julle pa soos ek julle oor al die jare versoek het om te aanvaar. Watter mooi herinneringe leef daar steeds in my voort, terwyl ek nog vlak hier langs julle Huis woon, nog gesêr word en nog deur die klein klompie bittereinders van die middeljare tagtig as "Pa" begroet word.

# VOORWOORD

Hoe verlang ek nie steeds na die jare nie toe julle my seuns was, en as ek by julle op pad lesing toe of terug huis toe hartlik vanuit jul kamervensters toegeroep word: "Dag Pa!" Kan julle ooit besef wat daardie toegeneëntheid en vriendskap vir my beteken het — ek wat my hele lewe en tot nog toe in my hart 'n student soos julle gebly het.

Dit hoort tot die mooiste dae van my lewe omdat dit ook jare was waarin ek in my allernouste kontak met die primariusse, Ewald Roux, Lourens Duvenhage, Piet Marais, Dawie Harmse, Gert Coetzee, Hennie Lampbrechts, Gert van Zyl, Dawie Scholtz, Piet du Plessis. Lucas Mienie, Boelie van der Westhuizen, Pierre Rocher, Lucas Klopper, Hein Scheepers en Pieter Swanepoel, sowel as talle huiskomiteelede die allernouste vriendskappe kon sluit. Ja, sowel as talle huiskomitee-lede die allernouste vriendskappe kon sluit. Ja, manne wat vanweë hul mooi karaktertrekke van leierskap en integriteit - Afrikanerseuns op wie ek grensloos trots was - nie net Huis Christiaan de Wet nie, maar ook my lewe oneindig verryk het.

En die gedagtes aan die toekoms?

Is dit nie van die dag dat elke De Wetter daar by die voorportaal in stap en waar genl. De Wet se versameling tot hom spreek al vir elkeen duidelik uitgespel nie?

Vervul jou roeping!

Dit is 'n taak en 'n opdragte wat altoos toekomsgerig bly.

Jy kon dit in die verlede vervul het, soos baie dit reeds in Huis Christiaan de Wet gedoen het, deur hul roeping aan die Huis te vervul.

Jy kan jou roeping ook in die hede vervul, maar die leuse bly 'n deurlopende lewensopdrag tot in jou laaste sterwensuur.

Soos die onvergeetlike N.P. van Wyk Louw wie se werke geen student ooit moet verwaarloos nie, dit keer op keer uitgespel het: 'n leuse, 'n oproep, mag nooit klakloos bloot as woorde aanvaar word nie; dit moet nimmereindigend krities bedink en oordink word.

Van alle leuses wat ek ken is, vervul jou roeping!, seker een wat nooit ophou om jou gewete aan te spreek nie.


Wat is my roeping? Deur diep na te dink, diep te bepeins, maar bo alles op jou knieë voor jou Skepper stil te word, sal dit antwoord na my toe kom.

Vervul ek my roeping? Ek wat nog in Huis Christiaan de Wet inwoon; ek wat alreeds in die volle lewe staan? Dit is 'n vraag wat net 'n slap en willose probeer ontduik; een wat die naam van 'n De Wetter oneer aandoen.

Net 'n De Wetter wat helder weet wat sy roeping teenoor homself, sy medemens, sy volk en sy Skepper is, is besig om dit te vervul. En kan hy waarlik sê:
In my leef die gees van die generaal van alle generaals, Christiaan Rudolph de Wet, wie naam my Huis en ek altoos met die grootste waardigheid sal dra.

Vir 'n mondigwording vol vreugde en roepingsvervulling, groet ek oud- en huidige De Wetters in 'n gees van immer pa-skap!

**Pa Tienie**



# VOORWOORD



## Rektor: Prof Retief

Daar is seker niks so aangenaam en interessant as om ou koshuis- en studentemaats na jare weer raak te loop en te gesels oor die "ou dae" nie. En soveel te meer nog met 'n koshuisreünie wanneer al die groot geeste van toeka terugkeer na die kampus, meeste van die tyd al getroud, met kinders van hul eie.

Dan begin die ver terugloop op ou paadjies, sommige reeds half toegegroei en nie meer so duidelik sigbaar nie. Maar as die onthou en die kuier eers goed op dreef kom, word die voetpaaie van gister vinnig, spontaan en sonder moeite oopgekap om die tyd wat verby is in die fynste detail te onthou.

Baie het verander op die kampus in die afgelope paar jaar. Hier en daar staan splinternuwe geboue, Shimlapark is die trots van Kovsie-rugby en die gesigte wat tussen die geboue rondbeweeg, is vreemd. Maar die Kovsiegees bly nog dieselfde.

Die unieke gees met 'n eiesoortige warmte is nog steeds tasbaar op die kampus, en ek glo dat elke oud-Kovsie hierdie gevoel nog met hom saamdra.

My wens is dat hierdie reünie vir elke oud-De Wetter 'n onvergeetlike terugstap na die alma mater van sy koshuis, en universiteit sal wees. En dat elkeen se studentwees weer so werklik sal wees soos wat dit eens op 'n tyd was.


## Pa Venter


Huis De Wet is vanjaar mondig, 'n volle 21 jaar oud. In vergelyking met die Universiteit self is ons koshuis relatief jonk. Meet ons dit egter in terme van geskiedenis, die getal studente wat daarin gewoon het, gebeurtenisse wat daarin plaasgevind het en tradisies wat gebou is, dan is dit inderwaarheid 'n volwasse koshuis wat sy merk onuitwisbaar op die Kovsie-kampus gelaat het en nog steeds so doen.

'n Koshuis kan nooit staties wees nie. Daar is en moet altyd groei wees, daar is altyd verandering want nuwe geslagte studente bring nuwe norme en nuwe idees. Dit maak die koshuis dinamies - lewend en voortbeurend na nuwe hoogtes. Een norm mag egter nooit verander nie, en dit is ons Christelike Godsdiens wat in Huis de Wet altyd vas staan, 'n anker waaromheen alle ander norme wentel. 'n Ander norm wat ons met jaloersheid moet bewaak is die Afrikaanse karakter wat in die Koshuis heers. Dit is vir ons 'n kosbare sieraad.

Beskou ons die huidige samelewing in Suid-Afrika dan was die afgelope 21 jaar relatief homogeen. Daar was veranderings en aanpassings, maar geen veranderings wat ons in ons diepste wesensbestaan raak nie. Daar was min aandrang op ons Christelik-Afrikaanse karakter, maar tans het dit verander. Ons voel beklem, onseker, selfs dalk beangs oor die voortbestaan daarvan. Ek glo egter ons sal aanpas, ons sal ons kernnorme nie verloor nie solank ons die nuwe uitdagings met wysheid sien en hanteer.

Ek wil graag aan die Oud-De Wetters dankie sê vir hulle ondersteuning en lojaliteit aan Huis de Wet. Aan die huidige De Wetters - hou die gees van Huis de Wet lewend en laat die lojaliteitsvlam steeds hoog brand. Bied aan mekaar nou, maar ook in die toekoms lewensruimte, eerlikheid en ondersteuning sodat elkeen van sy studentwees 'n sukses maak waaraan met nostalgie teruggedink kan word.


dEWE
21



# Prime

# V. du Plessis

Die versoek om 'n reünieboodskap te skryf het ons gedagtes laat teruggaan na die beginjare van Huis C R de Wet: Februarie 1969 in Kornalynstraat 1 waar ek en nege eerstejaar-studente gewoon het terwyl die bouwerk aan die koshuis nog nie voltooi was nie. (Die dames kon toe reeds intrek - "ladies first!"). Vanjaar is die koshuis 21 jaar oud en van die klein begin in 1969 het die koshuis steeds van krag tot krag gegaan. Vandag staan dit sy plek volwaardig op die kampus vol. Mooi tradisies is ontwikkel en besondere prestasies is deur die inwoners behaal. Op alle terreine van die studentelewe waar die inwoners van die koshuis betrokke was en nog steeds is, word deeglik kennis geneem van die gehalte van hulle bydraes.

Ek maak graag van hierdie geleentheid gebruik om die koshuis en sy inwoners hartlik geluk te wens met die mondigwording. Alles wat bereik is het harde werk en soms groot opofferings geverg. My wens is dat dit in die toekoms met die koshuis en sy inwoners baie goed sal gaan; dat nog vele prestasies gelewer sal word en dat elke inwoner deur sy besondere betrokkenheid in die studentelewe op die kampus en ook na sy universitêre loopbaan sy roeping sal vervul deur die bydrae wat hy lewer.


Voorspoed en sterkte tot die vyftigste herdenking!


J V DU PLESSIS



## Prime

## A.Danzfuss






# Prime
# H. de Klerk

**7 SEPTEMBER**
Ontheffing van Eerstejaars. Die prime stel voor dat die eerstejaars eers na Intervarsity onthef word, aangesien baie probleme deur hulle veroorsaak word indien hulle voor intervarsity onthef word. Prof. Straus is dit eens, aangesien die mees growwe misbruik wat drank en sedes betref vanjaar deur die eerstejaars gepleeg is.

**13 SEPTEMBER**
Erewag van 15 man in Varsitybaadjies moet die eerste minister op die lughawe ontvang - 15 man uit ons koshuis!

**27 SEPTEMBER**
Oonde: Mnr. J. Barnard het 'n oond aangegee teen mnr. E. Roux omdat hy sy broek nat gegooi het. Na sorgvuldige oorweging word die oond verwerp, maar Mnr. Roux word ernstig gewaarsku om in die toekoms versigtiger water te gooi!



# Prime
# E. Roux

**9 FEBRUARIE**
Mnr. H. de Jager dien sy bedanking skriftelik in as HK-lid omrede hy sy kursus met 'n jaar moet verleng.

**28 FEBRUARIE**
Eerstejaars: Hulle moet in die vervolg "side whiskers" ietwat langer dra.


**20 MAART**
Oonde: Martin Jordaan neem kos voor seniors aan tafel. Die HK beveel 'n 10 man tekkie aan.

**20 MAART**
Mnr. P.S. Venter beveel aan dat die voorsitter, Hattingh en de Vries leer om sy vergaderingsprosedure op te knap.

**20 MAART**
Mnr. D. du Toit versoek dat die koshuis met 'n ander koshuis op 'n ander kampus korrespondeer.

**5 SEPTEMBER**
Mnr. D. Marx vra dat Snoopy gedroogskoonmaak moet word.

# 1973



## Prime
## L. Duvenhage

**6 FEBRUARIE**
"Ons het 97 eerstejaars! Afgryslik!"

**12 FEBRUARIE**
"De Wet het vanaand twee unieke rugbywedstyrde teen Steyn gespeel. Dit was jollie hoor! Twee aanmekaar vasgebind het die manne hulle bes probeer, maar verder as losskrum het dit selde gekom!"


**15 MAART**
Oond teen Danie Fourie omdat hy geslaap het op wag tydens huisvergadering – hy kry 10 tekkies
Die rektor w er 'n versoek dat die manne sonder pakke mag kom eet. Die persone moet Sondagmiddag sowel as aandete met pakke gaan eet.

**26 MAART**
"Uniek soos hy is, het Huis de Wet vanaand 'n sêr van Huis Koos ontvang, op 'n stil wyse. Baie stil, vrek stil. Nie 'n Iggie nie, nie 'n geluid nie, nie 'n persoon nie en sonder sêrbriefies."

**15 MEI**
"Die koshuis het 'n luidsprekerstelsel aangekoop"

**13 JUNIE**
Pikkie du Toit het die Springbok proewe A span gehaal. Vir Huis de Wet is dit 'n groot een.

1969-1989 REÜNIE



# Prime
# L.Duvenhage

**5 FEBRUARIE**
"Nog meer eerstejaars - tot dusver 97,"


**26 APRIL**
Om 7nm. staak die sangers - 'n nuwe wêreld-rekord van 80 uur (Oortref die vorige van 35 uur)

**10 MEI**
Ons klop Verwoerd 4-3,'n verdiende oorwinning.

**26 AUGUSTUS**
Piet Marais Prime.

**27 AUGUSTUS**
Wantroue oor HK-verkiesing. Daar is weer gekies en dié weer herkies.


**10 SEPTEMBER**
Piet Marais - SR



## Prime

## P. Marais






# Prime D.Harmse

**25 FEBRUARIE**
Langhuis om 10:14½. Vrugbare bespreking is gevoer. Oonde is na afloop van die vergadering afgehandel; van die manne is blou in die gesig.

**29 APRIL**
Na die stilte van die eerste ½$^{e}$ van die week skielike opwinding. Speurders besoek die koshuis vir gesteelde goedere. Danie Swanepoel word gearresteer vir die besit van 'n parkeermeter, maar na die 'misverstand' opgelos is, is hy vrygelaat.

**15 OKTOBER**
Vandag is die kransie weer gelê by Oom Chrisjan se graf by die vrouemonument. Dit is tog 'n gebruik wat nooit moet doodloop nie. Dit is mooi as die koshuis hulde bring aan die verlede - die persoon van wie hy sy naam gekry het.



# Prime G. Coetzee


**11 FEBRUARIE**
De Wet klop Reitz met 10 lopies in krieket.
De Wet klop Karee met 131 lopies in krieket.
Vergeet my Nie is joolkoshuis.

**1 MAART**
Willie Olivier (Eerstejaar) skeur sy kraakbeen as gevolg van eerstejaars wat op hulle hurke moes sit in langhuis(Sy SA rekord is daarmee heen) Admin stuur kennisgewing dat dit en rondstuur van eerstejaars verbied word; belaglik!

**10 MAART**
Allan Duvenuant kom met sy nuwe motorfiets so teen 23h50 in vierkant. Naderhand jaag almal met hulle motorfietse in die vierkant en duik almal almal.

**17 MAART**
Tweedejaars word teruggehok en moet buiggroet.
Eerstespan rugby wen 64-3 teen Colesberg.

**31 MAART**
De Wet wen Olienhout 16-15(rugby.)



# Prime

# H. Lambrechts

**2 FEBRUARIE**

Ons het heerlik gelag. Vanaand ± 4nm. het die HK lede van Kestell gekom met wie ons 'n inter gehad het. Dis toe dat Hennie Lambrechts met die briljante idee kom om die eerstejaars treine te laat verkoop in hulle slaap. Ons het baie lekker gelag vir die snaakse dinge wat daar uitgekom het.

**15 FEBRUARIE**


Nou 'n geweldige belangrike inskrywing:
Vir die Manne wat van nou af hierdie koshuis gaan bewoon. Vandag het ons 'n amptelike koshuishond gekry. Sy naam is Chrisjan. So sal hy genoem word en elke eerste jaar sal hom met dieselfde respek en eerbied behandel as wat hy 'n senior in hierdie koshuis gaan behandel.


**18 FEBRUARIE**

Saterdag en dis die naweek van inter-fliek. Menige senors sit as't ware opgeskeep met 'n nuwejaar. Die eerstejaars het weer tradisioneel knoffel geëet. Hulle moes ook elkeen 'n hoed dra, kortbroek en drafskoene aan hê. Die aroma is nogal iets om te beleef.

**2 MAART**

Donderdag, en 'n dag wat seker onthou word as die dag van groot hardloop na die toilette en die tekort aan die nodige, die rede is jippo guts, die gevreesde hy. Die groot hardloop het as't ware soos die pes in die nag gekom.






# Prime G. van Zyl


**29 OKTOBER**
De Wet word binnegeval deur pragtige meisies, toe die jool-finaliste hier kom eet. Baie manne se oë is seergekyk na ete, en die ontvangs was hartlik. Die Prime en O/Prime stel 'n voorbeeld aan die huis by wyse van 'n netjiese haarsny.

**3 NOVEMBER**
Die dag verloop stil, behalwe vir die watergooiery, wat ernstig begin. selfs van die ou manne geniet hulle gate uit, veral toe 'n paar verpleegstertjies De Wet bestorm.

**17 FEBRUARIE**
Dis interfliek en die manne eet knoffel. Dit hoort mos net so! Dis tradisie.

**19 FEBRUARIE**
Stories van hoeners wat nie meer hoenders is nie het ons ook aangehoor - hoekom - hulle het nie meer wensbeentjies nie! Hulle wil glo nie meer hê ons moet wens nie. Dis hulle storie. - die blikskottels.





# Prime
# D. Scholz

**30 JANUARIE**
"Intersokkie met Soetdoring - geklee in pakke en toiletpapierstrikdasse!"

**17 FEBRUARIE**
"Geskiedenis. Die eerste Sondagmiddag wat die seniors sonder pakke gaan eet"


**28 FEBRUARIE**
Interfliek - met knoffel.

**9 MAART**
"Riaan Stander word bevestig as ouderling (!) van Soetdoring en maak sodoende geskiedenis op die Bult as die eerste studente-ouderling.

**14 MAART**
"Andrè van Zyl se dag eindig ongelukkig as hy om een of ander rede sy motor teen 'n paar Verwoerd motors tot stilstand bring."

**25 APRIL**
"'n Nare dag in die geskiedenis van De Wet Verloor 43-3 teen Karee.

**28 APRIL**
"Roosmaryn kom sêr en word deur slegs een eerstejaar, wat die sêrbriewe oorhandig, toegejuig."



# Prime

# P. de Plessis


**23 APRIL**
Kragonderbreking: Sekeres nael kaal om die koshuis. Ma-Koekie gil net.

**9 MEI**
Jan du Toit verteenwoordig koshuis in Shimlas en OVS-span en druk verskeie drieë. Jan behaal Gasselle-span.

**14 SEPTEMBER**
De Wet se HK gaan eet by V-M-N. Die HK word belaglik gemaak met strikke in die hare en moes met PT-broeke paradeer en Mnr Bene is gekies. De Wet laat nie met hom mors nie en ontvoer V-M-N HK en daag hulle voor die hof. Meisies baie "impress" met De Wet boys.

# 1982





Prime

L.Mienie




# 1983



## Prime

## S. v/d Westhuizen






# Prime
# Pierre Rochér




1984-SWEMWENNERS


**17 MEI**
Oor die interkom word gesê dat daar 'n bom in die koshuis is. Kobus Huyr (SIII) is die eerste wat uit die vere en uit die koshuis is. Hy is seker die bangste ou in die koshuis. Die Veiligheidspolisie met 'n hond soek die koshuis deur maar niks word gevind nie. Dit het nogal 'n goeie gevolg gehad wat die ouens het toe sommer die vroeg-oggend klasse bygewoon.



## Prime

## Lucas Klopper






# Prime
# Hein Scheepers

**1 AUGUSTUS**
De Wet wen weer vir Reitz. Emosies loop hoog en sommige manne stort selfs 'n traan. Die telling 22-18.

**4 APRIL**
De Wet wen Waterpololiga en verslaan JBM met 8-4. Dit was die eerste keer in 3 jaar dat 'n kampus die liga wen.

**16 APRIL**
Tradisionele korthuis van Dinsdag na Maandagaand verskuif om 22h14½.

**29 AUGUSTUS**
"Snoopy is gisteraand deur Idahlia ontvoer."



# Prime
# P. Swanepoel


**9 FEBRUARIE**
Eerstejaarsconde - 71 houe

**10 FEBRUARIE**
Hennie Heyns ken 70 seniors nie.

**5 MEI**
Deel van Verwoerd brand af - van hulle kom bly by ons.

**20 AUGUSTUS**
Hein Kapp en Muller Minnaar staan as onafhanklike prime - kandidate.

**1 SEPTEMBER**
Sekere manne laat vir hulle gaatjies in hulle ore inskiet en oorkrabbertjies word ingesit. Die huis besluit egter dat dit saam met 'n rok gedra moet word of die oorkrabbertjies waai.



# Prime
# Paul Sauer


**3 MAART**
Dit is gekkedag - Die H.K. reel 'n Noodvergadering, maar drink bier in hotel - hulle bel om te sê dat die manne die vergadering moet geniet.

**18 AUGUSTUS**
Eerste span wen Kiepersol 40-18 met 8 drieë teen geen.

**25 AUGUSTUS**
Die koshuis lewer vir die tweede jaar na mekaar vyf SR-lede en; hulle is Jan Lubbe (voorsitter) Herman Meyer, Barnard Steyn, Paul Sauer en Martin Kernekamp.

**29 OKTOBER**
Die formele huisfunksie na Rooimasjien. Hein Kapp dans met steel en onderklere.

# 1989



## Prime
## Kobus Barnard

Nie teen staande die feit dat ons aan die einde van 1988 'n groot gros ou manne verloor het, het De Wet nog steeds 'n groot jaar gehad.

In 'n tydvak waarin die samelewing hoë eise aan 'n mens stel, en tot veranderende omstandighede lei het de Wet nog steeds sy roeping vervul en bly groei.

Vir my persoonlik was hierdie jaar die hoogtepunt van my koshuis loopbaan. Dit was vir my 'n besondere voorreg om die huis op die wyse te dien en te lei. Aan hoogtepunte het dit in hierdie jaar nie ontbreek nie. My verblyf in de Wet het my help vorm as gebalanseerde mens en 'n blywende indruk op my gelaat.

Dit is my wens dat de Wet in die toekoms nog groter hoogtes sal bereik en nog steeds sy invloed op die kampus sal laat geld.

My beste wens vergesel De Wet hiermee,
In ons De Wet se gees voorwaarts S.A.

..................

J.C. BARNARD
PRIMARIUS 88/89